Provinsie van die
OOS-KAAP
ONDERWYS

Steve Vukile Tshwete Onderwyskompleks • Sone 6 Zwelitsha 5608 • Privaatsak X0032 • Bhisho 5605
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

HOOFDIREKTORAAT – KURRIKULUMBESTUUR

GRAAD 12 LEERDER ONDERSTEUNINGSPROGRAM

HERSIENING EN REMEDIËRENDE ONDERRIG INSTRUMENT: VRAE EN ANTWOORDE

VAK: REKENINGKUNDE

Junie 2009

Hierdie dokument bestaan uit 14 bladsye.

Streng gesproke nie vir toets/eksamen doeleindes nie.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Jy word voorsien met ’n vraestel en ’n antwoordeboek.

2. Hierdie vraestel bestaan uit VYF verpligte vrae. Beantwoord AL die vrae.

3. Gebruik die formate in die antwoordeboek wat voorsien word om die vrae te beantwoord.

4. Waar van toepassing moet bewerkings getoon word om deelpunte te verdien.

5. Jy moet poog om by die voorgestelde tye te hou.

6. Nie-programmeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

7. Jy mag ’n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.

VRAAG 1: 40 punte; 24 minute	
Die onderwerp van die vraag is:	**Die leeruitkomste gedek is:**
Rekonsiliasies	LU1 Finansiële inligting AS4 Ontleed en interpreteer bank, debiteure en krediteureversoening LU3 Bestuur van hulpbronne AS5 Etiek, rol van professionele liggame AS6 Interne beheer/kontrole

VRAAG 2: 31 punte; 18 minute

Die onderwerp van die vraag is:	Die leeruitkomste gedek is:
Vaste bates en interne beheer	LU1 Finansiële inligting AS3 Interpreteer en verslagdoening van bateverkope AS5 Stel op en ontleed bateverkope

VRAAG 3: 103 punte; 62 minute	
Die onderwerp van die vraag is:	**Die leeruitkomste gedek is:**
Maatskappy finansiële state	LU1 Finansiële inligting AS5 Stel op, ontleed en interpreteer finansiële state

VRAAG 4: 95 punte; 57 minute	
Die onderwerp van die vraag is:	**Die leeruitkomste gedek is:**
Kontantvloeistaat en verhoudings-analise	LU1 Finansiële inligting AS5 Stel op, ontleed en interpreteer finansiële state

VRAAG 5: 31 punte; 19 minute	
Die onderwerp van die vraag is:	**Die leeruitkomste gedek is:**
Kontantbegroting	LU2 Bestuursrekeningkunde AS3 Ontleed en interpreteer kontantbegrotings

VRAAG 1

1.1 BANKVERSOENING (22 punte; 13 minute)

U word voorsien van inligting van toepassing op Sharu Handelaars.

GEVRA:

Bestudeer die inligting en beantwoord die vrae wat volg.

INFORMASIE:

SHARU HANDELAARS
Bankversoeningstaat op 31 Augustus 2008

	Bedrag
Kredietsaldo soos per bankstaat	6 500
Uitstaande deposito's	12 190
Uitstaande tjeks	
Nr. 203 (gedateer 21 Februarie 2008)	2 120
Nr. 381 (gedateer 2 Augustus 2008)	7 910
Nr. 429 (gedateer 19 Augustus 2008)	6 430
Nr. 442 (gedateer 21 September 2008)	4 700
Debiteer bedrag foutiewelik gekrediteer op bankstaat	330
Kredietsaldo soos per Bankrekening	?

VRAE:

1.1 1.1.1 Voorsien TWEE redes waarom u dink dit belangrik is vir 'n onderneming om maandeliks sy Bankrekening te versoen. (4)

1.1.2 Het Sharu Handelaars 'n gunstige of ongunstige saldo volgens die bankstaat? (2)

1.1.3 Verduidelik waarom die deposito van R12 190 in die Bankversoeningstaat vir Augustus 2008 verskyn. (2)

1.1.4 Die Bankversoening toon die item: "Debiteer bedrag foutiewelik gekrediteer op die bankstaat, R330." Verskaf 'n voorbeeld van die tipe fout wat die bank kon begaan het. (3)

1.1.5 Indien tjek nr. 203 nie in die Bankstaat vir September 2008 verskyn nie, watter aksie sal jy neem en waarom? (4)

1.1.6 Sharu handelaars ontvang 'n tjek vir R999 van 'n debiteur ter vereffening van sy rekening. Hierdie tjek is gedateer 16 September 2008. Waarom verskyn hierdie tjek nie in die Bankversoeningstaat? (4)

1.1.7 Indien die finansiële jaar eindig op 31 Augustus 2008, hoe sal jy tjek no. 442 hanteer? (3)

1.2 KREDITEUREVERSOENING (18 punte; 11 minute)

Die saldo in die Krediteurekontrolerekening moet versoen word met die totaal van die Krediteurelys op 31 Mei 2009. Gebruik die inkorrekte saldo voorsien en toon die veranderinge in die lys. Die inkorrekte saldo in die Krediteurelys op 31 Mei 2009 is R36 471.

Krediteurekontrole

2009					2009				
Mei	31	Bank & korting ontvang		148 680	Mei	1	Saldo	a/b	35 385
		Totale terugsendings		2 310		31	Totale aankope		151 500
		Joernaal debiete		612			Bank (terugbetalings)		420
		Saldo	o/b	36 210			Joernaal krediete		225
				187 920					187 920
					Jun	1	Saldo	a/b	36 210

Foute en weglatings

1. Die Krediteurejoernaal was oorbereken met R360.

2. 'n Debietnota van R275 is nie in die Krediteureafslagjoernaal aangeteken nie.

3. 'n Debiteur met 'n kredietsaldo van R135 was foutiewelik by die krediteurelys ingesluit.

4. 'n Bedrag van R309 in die Krediteurejoernaal was foutiewelik oorgeboek as R390 na 'n krediteur se rekening.

5. Die debiteurekolom van R195 in die Kontantbetalingsjoernaal was verkeerdelik oorgeboek na die Krediteurekontrolerekening.

6. Die kredietsaldo van R60 van 'n debiteur in die Debiteuregrootboek moet oorgedra word na sy rekening in die Krediteuregrootboek.

VRAAG 2

VASTE BATES EN INTERNE BEHEER (31 punte; 21 minute)

Ace Ventura bedryf 'n vervaardigingsonderneming, Ace Vervaardigers, wat skoene vervaardig. Hy is bekommerd omdat sy inkomste minder is as die begrote bedrag van R1 100 000. Hy beweer dat die instandhoudingskoste die begroting oorskry. Al drie sy masjiene verrig dieselfde funksie. Die volgende informasie is 'n uittreksel uit die grootboek, vaste bate register asook ander rekords op 30 Junie 2008. Waardevermindering word bereken teen 20% op die kosprys.

GEVRA:

2.1 Bestudeer die volgende inligting en meld EEN aspek ten gunste van elke probleem.
Wenk: (a) Een aspek ten gunste van elke masjien. (1 x 3) (3)
(b) Haal bedrae aan om jou antwoord te staaf. (1 x 3) (3)

INLIGTING:

Bates	**Masjien 1**	**Masjien 2**	**Masjien 3**
Naam van operateur	**Salu**	**Akshay**	**Chota**
Datum aangekoop	1 Julie 2002	1 Julie 2006	1 Jan 2008
Kosprys van masjien	70 000	180 000	130 000
Opgehoopte waardevermindering (1 Julie 2007)	69 999	36 000	?
Bedrag/Inkomste gegenereer	240 000	400 000	320 000
Hoeveelheid eenhede vervaardig per jaar	60 000	100 000	80 000
Instandhoudingskoste vir die jaar	110 000	90 000	85 000

2.2 Ace Ventura beplan om **Masjien** 1 in te ruil vir R500. Hierdie masjien sal deur 'n nuwe **masjien** vervang word op 1 Julie 2008.

2.2.1 Sou jy sê dat dit 'n korrekte besluit was van Mnr Ventura om **Masjien 1** in te ruil? Gee TWEE redes om jou antwoord te staaf en haal syfers aan. (5)

2.2.2 Stel die Bateverkoperekening op indien **Masjien 1** verkoop word. (11)

2.3 Bereken die *pro rata* waardevermindering vir **Masjien 1** op 30 Junie 2008. (3)

2.4 Bereken die waardevermindering vir **Masjien 2** op 30 Junie 2008. (2)

2.5 Die eienaar besit ook 'n vloot vragmotors en ander vaste bates (toerusting, eiendom). Dit is moeilik om alles alleen te beheer. Lys VIER interne beheermaatreëls wat hy moet neem om hierdie bates te beheer. (4)

VRAAG 3

MAATSKAPPY FINANSIËLE STATE (103 punte; 62 minute)

Funky Winkels Bpk het 'n gemagtigde aandelekapitaal van 1 000 000 aandele teen 100 sent elk. Funky Winkels Bpk gebruik die deurlopende voorraadstelsel. Hul finansiële jaar eindig op 28 Februarie 2009.

INLIGTING:

Voor-aansuiweringsproefbalans van Funky Winkels Bpk op 28 Februarie 2009

BALANSSTAAT AFDELING	**DEBIET**	**KREDIET**
Gewone aandelekapitaal		500 000
Aandelepremie		30 000
Behoue inkomste		92 498
Lening: AB Bank (12% p.j.)		50 000
Grond en geboue @ kosprys	482 000	
Voertuie @ kosprys	240 000	
Toerusting @ kosprys	135 940	
Opgehoopte waardevermindering op voertuie		49 000
Opgehoopte waardevermindering op toerusting		30 980
Handelsvoorraad	69 140	
Debiteurekontrole	47 750	
Voorsiening vir oninbare skulde		1 680
Bank		6 570
Kleinkas	500	
Wisselgeld	894	
Krediteurekontrole		37 300
SAID (LBS)		2 698
SAID (Inkomstebelasting)	39 314	
Pensioenfonds		850
NOMINALE REKENINGE AFDELING		
Verkope		1 111 560
Debiteureafslag	43 120	
Koste van verkope	509 360	
Salarisse	287 340	
Verpakkingsmateriaal	5 096	
Korting toegestaan	700	
Korting ontvang		1 240
Advertensies	4 940	
Versekering	11 240	
Huurinkomste		26 180
Rente op vaste deposito		974
Skryfbehoeftes	8 516	
Pensioenfondsbydraes	3 750	
Mediesefondsbydraes	1 930	
Gewone aandele dividende	50 000	
	1 881 530	1 881 530

AANSUIWERINGS EN ADDISIONELE INFORMASIE:

1. 'n Fisiese voorraadopname toon die waarde van voorraad voorhande as R65 080, terwyl skryfbehoeftes voorhande gewaardeer is teen R870.

2. R1 500 is verskuldig aan Sportnet vir vraggeld op goedere aangekoop.

3. Die rekening van H. Terry moet as oninbaar afgeskryf word, R930.

4. Voorsiening vir oninbare skulde moet aangesuiwer word tot R1 828.

5. 'n Tjek ontvang van 'n debiteur op 25 Februarie 2009 is deur die bank geweier. Geen inskrywing is hiervoor gedoen. Die tjek vir R650 was ter vereffening van sy rekening van R700. 'n Besluit is geneem om sy rekening as oninbaar af te skryf.

6. Versekering sluit 'n bedrag van betaal vir Maart 2009 in. Neem in ag dat die maandelikse versekeringpremie op 1 September 2008 verhoog is.

7. 'n Rekening van R5 520 is ontvang vir versekering. Hierdie rekening is vir 'n advertensieveldtog vanaf 1 Februarie 2009 tot 30 April 2009.

8. 'n Werknemer was weggelaat uit die Salarisjoernaal vir Februarie 2009. Die besonderhede is as volg:

Bruto salaris p.a	R150 000
LBS aftrekking	36%
Pensioenfonds aftrekking	8%
Mediese fonds aftrekking	R640

   Die onderneming dra R1,50 by vir elke R1 inbetaal deur die werknemer tot die pensioenfonds. Die onderneming se bydrae tot die mediese fonds is gelyk aan die bedrag wat afgetrek word van die werknemer se salaris.

9. Waardevermindering op toerusting word afgeskryf teen 15% per jaar volgens die verminderde saldo metode.

10. Waardevermindering op voertuie word afgeskryf teen 25% per jaar op die kosprys.

11. Huurgeld is ontvang vir die periode 1 Maart 2008 tot 30 April 2009.

12. Voorsiening moet gemaak word vir uitstaande rente op lening.

13. 'n Bedrag van R20 000 is oorgedra na vaste deposito gedurende die jaar. Geen inskrywing is gemaak van die oordrag, alhoewel die bedrag vir die rente van R974 ontvang en aangeteken is.

14. Die inkomstebelasting word bereken teen 25% van die netto wins.

15. Daar is besluit dat die totale dividend per aandeel 15c sal wees. Maak voorsiening vir die uitstaande dividende.

GEVRA:

3.1 Stel die **Inkomstestaat** van Funky Winkels Bpk vir die jaar geëindig 28 Februarie 2009. (59)

3.2 **Berei die volgende notas tot die finansiële state op 28 Februarie 2009**:

3.2.1	Voorraad	(3)
3.2.2	Handels en ander ontvangbares/Debiteure	(8)
3.2.3	Handels-en ander betaalbares/Krediteure	(20)
3.2.4	Behoue inkomste/Opgehoopte winste	(11)
3.2.5	Aandelekapitaal	(2)

NOTA: Die finale bedrag vir SAID (inkomstebelasting) moet aangetoon word as ’n nota tot die finansiële state as deel van of Handels-en ander ontvangbares of Handels-en ander betaalbares.

VRAAG 4

VERTOLKING EN VERSLAGDOENING (95 punte; 57 minute)

'n Uittreksel van die Inkomstestaat en die Na-afsluitingsproefbalans van Fifa Winkels Beperk vir die jaar geëindig Februarie 2008 en Februarie 2009 word voorsien. Fifa Winkels Beperk is geregistreer met 'n gemagtigde aandelekapitaal van 2 000 000 aandele van R1 elk.

GEVRA:

Beantwoord die vrae wat volg.

Inligting:

Uittreksel uit die Inkomstestaat vir die jare geëindig 28 Februarie.

	2009	**2008**
Verkope	1 289 600	1 248 480
Koste van verkope	644 800	624 240
Waardevermindering: Voertuie	32 800	28 800
Rente op geleende geld	63 360	30 400
Netto wins voor belasting	97 860	99 488
Netto wins na belasting	50 880	51 728

Uittreksel uit die Na-afsluitingsproefbalans op 28 Februarie.

	2009	**2008**
Gewone aandelekapitaal	316 000	216 000
Gewone aandelepremie	20 000	
Behoue inkomste	83 360	45 120
Langtermynlening	288 000	160 000
Toerusting (drawaarde)	265 920	193 280
Voertuie (drawaarde)	131 360	183 360
Handelsvoorraad	40 640	43 520
Debiteurekontrole	250 400	118 300
Vooruitbetaalde uitgawes	4 320	4 900
SAID (inkomstebelasting) Dt	7 360	-
SAID (inkomstebelasting) Kt	-	15 200
Bank	109 280	7 360
Krediteurekontrole	91 520	103 920
Vooruitontvange inkomste	8 160	6 880
Aandeelhouers vir dividende	2 240	3 600

ADDISIONELE INLIGTING:

1. Voertuie is gedurende die jaar teen drawaarde verkoop, maar geen voertuie is aangekoop. Geen toerusting is verkoop gedurende die jaar.

2. Tussentyds dividende van R10 400 is betaal en verklaar gedurende die jaar.

VRAE:

4.1 Wie is verantwoordelik vir die voorbereiding van die kontantvloeistaat? (2)

4.2 Bereken die opbrengs van die verkope van die voertuig. (4)

4.3 Stel die volgende notas op tot die kontantvloeistaat vir 2009.

4.3.1 Kontant uit bedrywighede. (14)

4.3.2 Belasting betaal (4)

4.4 Onder die items aangetoon as invloei van kontant in die kontantvloeistaat lys enige TWEE items behalwe opbrengs van verkope van aandele. (4)

4.5 Bereken:

4.5.1 Die aantal aandele uitgereik gedurende die jaar. (4)

4.5.2 Die prys wat aandeelhouers vir hierdie aandele betaal het. (4)

4.5.3 Verskaf TWEE mootlike redes waarom 'n aandeelhouer dit sal oorweeg om sy aandele te verkoop indien die Johannesburgse Effektebeurs prys daal tot R1,08. (4)

4.6 Die direkteure is van mening dat die likiditeitsposisie bevredigend is.

4.6.1 Bereken die bedryfskapitaalverhouding vir 2009. (4)

4.6.2 Bereken die vuurproefverhouding vir 2009. (4)

4.6.3 Lewer kommentaar omtrent die likiditeitsposisie. Stem u saam met die direkteure se mening? Die volgende is bereken vir die vorige jaar:
Bedryfsverhouding 0,7 : 1
Vuurproefverhouding 0,3 : 1 (11)

4.7 Bereken:

4.7.1 die verdienste per aandeel vir 2009. (4)

4.7.2 die dividend per aandeel vir 2009. (4)

4.8 Bereken:

4.8.1 Bereken die opbrengs op kapitaal aangewend vir 2009. (8)

4.8.2 Veronderstel die rentekoers is 30%. Sal die aandeelhouers saamstem met ’n die direkteure se besluit omtrent die langtermynlening? Verduidelik u antwoord met ’n aanhaling. (4)

4.8.3 Verskaf TWEE moontlike redes vir die groot verskil tussen die twee aanwysers bereken in VRAAG 4.8.1 en VRAAG 4.8.2. (4)

4.9 Bereken:

4.9.1 die persentasie winsopslag vir 2009. (2)

4.9.2 die netto wins as ’n % van verkope (2)

4.10 Op ’n Algemene Jaarlikse Vergadering watter besluite word geneem met betrekking tot die volgende:

4.10.1 Direkteure (2)

4.10.2 Ouditeure (2)

4.10.3 Dividende (2)

4.10.4 Wie het die meeste sê in die bogenoemde sake en hoekom? (2)

VRAAG 5

BEGROTINGS (31 punte; 19 minute)

Bestudeer die onderstaande uittreksel van die kontantbegroting van Pinky Winkels, 'n supermark geleë in 'n besige winkelsentrum.

INLIGTING

UITTREKSEL VAN KONTANTBEGROTING

	Julie		Augustus	
	Begroot	Werklik	Begroot	Werklik
Verkope	250 000	240 000	300 000	(A)
Aankope	75 000	80 000	(B)	70 000
Huurinkomste	30 000	30 000	36 000	28 000
Salaris (6 werknemers)	30 000	30 000	(C)	(D)
Advertensies	20 000	20 100	22 000	12 500
Herstelwerk aan voertuie	14 000	12 000	15 800	24 000
Onttrekkings	30 600	18 000	20 000	5 800

Addisionele inligting

1. Werklike verkope vir Augustus was 15% laer as begroot.

2. Goedere word slegs vir kontant verkoop.

3. 40% van alle aankope word op krediet gedoen.

4. 'n Winsopslag van 100% word vir gebruik vir begrotings.

5. 5.1 Werknemers word dieselfde vergoed. 'n Addisionele werknemer sal gedurende Augustus in die middel van die maand aangestel word.

   5.2 Al die werknemers sal 'n 12% verhoging op 1 Augustus ontvang.

   5.3 Salarisse is die enigste item in die begroting wat goed beheer word.

Beantwoord die volgende vrae:

5. 5.1 Bereken die ontbrekende bedrae in die kontantbegroting. Die ontbrekende bedrae word as (A) – (D) aangedui. (16)

5.2 Verskaf TWEE moontlike redes vir die afname in Augustus verkope van bogenoemde informasie. (4)

5.3 Verskaf TWEE moontlike redes vir die verskil in advertensie uitgawes. (4)

5.4 Is Herstelwerk goed beheer? Verskaf TWEE mootlike redes vir jou antwoord. (5)

5.5 Verskaf TWEE voordele wat Onttrekkings op die onderneming sal hê. (2)

TOTAAL: 300